Vrydag 25 Desember

Skrifgedeelte: 2 Timoteus 1:1-18 (AFR83)

Fokusgedeelte: 2 Timoteus 1:1, 10

Jesus Christus het die mag van die dood gebreek en die onverganklike lewe aan ons geskenk

Wat is lewe? 'n Hart wat klop, 'n asemhaling, 'n beweging? Wat is dood? 'n Eindelose niks, geen hartklop, geen beweging? As jy lewe ken, leef jy voluit in gemeenskap met Hom wat alles regeer. Aan die einde van jou lewe kyk jy terug en sien hoe God jou verlossing verwerklik het, en sterwe word die vervulling van die belofte van die lewe.

Paulus is vir die tweede keer in die tronk in Rome tydens die wrede vervolging van Christene onder leiding van keiser Nero. Terwyl Paulus verwag dat sy aardse bestaan binnekort eindig, bemoedig hy Timoteus, wat as predikant in Efese werk. Op grond van Paulus se verhouding met God is Timoteus sy geliefde seun. Paulus praat oor dié lewe wat hy van God ontvang het, en geroep is om te verkondig.

Jesus Christus het die mag van die dood gebreek (vs 10) en deur die evangelie die onverganklike lewe aan die lig gebring (geopenbaar). Die menswording van Christus en sy versoeningswerk aan die kruis wat hy afgerond het deur sy opstanding, het die dood oorwin. Hy het die ware lewe wat in God is, aan ons bekendgemaak, aan ons ontsluit en skenk dit uit genade.

Alle lewe vloei uit Hom, en sonder Hom is daar geen lewe nie. Hierdie lewe word deur die Woord van God gewek en gevoed. Wanneer die evangelie verkondig word dat Christus die mag van die dood gebreek het, ontvang die mens die onverganklike lewe in gemeenskap met Hom. Die Woord verbind die mens aan Hom en dus aan dié lewe. Die lewe word deur die geloof aanvaar. Daarom praat Paulus ook oor die geloof van Timoteus.

Hierdie lewe bou 'n kragtige verhouding met Christus en jou medemens. Dan leef jy in gehoorsaamheid in liefde tot God en jou naaste. Jy vertoon hierdie liefde in alle omstandighede, ook waar dit moeilik is. Alle gelowiges staan onder die heerskappy van Christus in die liefde van God, en niemand kan dié lewe van hulle wegneem nie.

*Sing: Skrifberyming 7-2:1, 2*

*Dr. SJ (Sarel) van der Merwe (Emeritus)*